higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE MODETEKENINGE N4

(10010464)

28 Mei 2021 (X-vraestel)
09:00–12:00

BENODIGDHEDE: 4 A3-tekenvelle (nog moet beskikbaar wees vir rofwerk)
2 A4-tekenvelle (nog moet beskikbaar wees vir rofwerk)

Alle mediums en toerusting wat in Modetekeninge gebruik word, kan gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye en 5 addenda.

105Q1J2128

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE MODETEKENINGE N4
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

INSTRUCTIONS AND INFORMATION INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf jou EKSAMENNOMMER op al jou TEKENVELLE
5. Begin elke vraag op ’n nuwe bladsy.
6. Gebruik slegs ‘n swart of blou pen.
7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Bestudeer die skets hier onder en maak 'n produksietekening van die seun se hemp (slegs voorkant) op 'n A4-TEKENVEL. Gebruik die croquis op ADDENDUM A (aangeheg). Hou al die vereistes vir 'n goeie produksietekening in gedagte. Plak die skets in die ANTWOORDBOEK.



(10)

1.2 Gee die gebruike vir elk van die volgende tipes modesketse:

1.2.1 Inspirasiebord

1.2.2 Ontwerpontwikkelingsvel

1.2.3 Produksiesketse

1.2.4 Voorstellingsketse

1.2.5 Mode-illustrasies vir advertensies

(5 × 2) (10)

1.3 Gee 'n voorbeeld van elk van die volgende:

1.3.1 Primêre kleur

1.3.2 Sekondêre kleur

1.3.3 Tersiêre kleur

1.3.4 Komplementerende kleur vir rooi

1.3.5 Dubbel-komplementerende kleur vir blou en pers

(5 × 1) (5)
[25]

VRAAG 2

2.1



Noem elke konstruksieproses deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.14) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. (14 × 1) (14)

2.2 Gee DRIE ander name vir 'n produksietekening. (3)

2.3 Noem VIER soorte lyne wat in ontwerp gebruik kan word. (4)

2.4 Kopieer en voltooi die volgende tabel oor die croquis:

ANDER NAME VIR CROQUIS	GEBRUIKE VIR CROQUIS
2.4.1	2.4.3
2.4.2	2.4.4

(4 × 1) (4)
[25]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B

VRAAG 3

3.1 'n Primêre skool in jou area vra jou om 'n romp en hemp op 'n A3-TEKENVEL vir hul vrouepersoneel met die volgende spesifikasies te skets:

Bloes:

- Kontoerpylnaat
- Skouerstuk
- Lang pofmou met reguit omslag
- Opgestikte sak (links voor)
- Tweestuk hempskraag
- Aparte knoopstaander met knope en knoopsgate
- Gevormde soomlyn

Romp:

- Reguit lyfband met gordellusse
- Voorste gulprits
- Heupstuk
- Heupsakke
- Asimmetriese styl met mesplooitjies

Gebruik ADDENDUM B (aangeheg). Plak die tekening in die ANTWOORBOEK. (50)

3.2 Gebruik die uitrustings wat in VRAAG 3.1 ontwerp is en maak 'n voorstellingstekening van die uitrusting op 'n A3-TEKENVEL. Hou al die vereistes vir 'n goeie voorstellingstekening in gedagte. Gebruik ADDENDUM C (aangeheg). Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK. (25)
[75]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 4

4.1 Jy stuur ’n nuwe modereeks vir kleuters van stapel.

Ontwerp ’n plakkaat op ’n A3-tekenvel om ’n toekomstige modeskou vir jou nuwe kleuterreeks te adverteer.

Sluit die volgende in:

- Oorspronklike naam vir klerereeks (titel)
- Kort beskrywing van gebeurtenis
- Adres/Plek
- Datum
- Koste (indien enige)
- ’n Voorstellingskets van ’n klein seuntjie of dogtertjie wat jou ontwerpe dra

Hou al die vereistes vir ’n goeie voorstellingstekening in gedagte. Gebruik ADDENDUM D (aangeheg). Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK. (50)

4.2 Gebruik ADDENDUM E (aangeheg) en maak ’n skets van die vooraansig van die vrouefiguur. Benoem al die plasingslyne en nommer elke afdeling dienooreenkomstig. Plak die tekening in die ANTWOORDBOEK. (25)

[75]

TOTAAL AFDELING B: 150
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

ADDENDUM B



ADDENDUM C



ADDENDUM D





ADDENDUM E **EKSAMENNOMMER:** | | | | | | | | | | | | | |

BALANSLYN	

Kopiereg voorbehou